© Kopiereg

Conquesta 2008

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Kuns & Kultuur – Graad 7

Welkom by Conquesta se Olimpiade. Ons vertrou dat jy dit baie sal geniet, en baie sal leer, terwyl jy lees en die vrae beantwoord. Nadat jy die inligting en die vrae noukeurig bestudeer het, moet jy 'n keuse maak. Sodra jy besluit het watter antwoord mees korrek is, moet jy die toepaslike blokkie volledig inkleur. Gebruik asseblief 'n 2B of B potlood vir hierdie doel. Indien jou antwoord vir vraag 4 'c' is, moet die blokkie gemerk 'c' wat teenoor Vraag 4 verskyn, netjies ingekleur word. (Sien onderstaande voorbeeld). Kleur slegs een blokkie per vraag in en maak seker dat foute behoorlik uitgewis word sodat jou antwoord duidelik is.

Voorbeeld:-

4.	a	b	■	d

Ierse volksverhale – die Ierse aardmannetjies ('leprechauns')

Verteller: Niemand weet werklik wat die waarheid oor hierdie klein, intelligente wesentjies is nie. Hulle staan so twee voet hoog en dra amper sonder twyfel groen klere. Baie het baarde en spog met 'n kop helderrooi hare.

Twee mans kom op die verhoog.

Paddy: Ek het vandag 'n leprechaun gesien, Seamus.
Seamus: So waar is die pot goud?
Paddy: Ek het my oog van hom laat afdwaal want my aandag was afgelei, sien. Die een oomblik was hy daar, en toe verdwyn die klein rakker die volgende oomblik. Ek sê jou, hy was blitsvinnig!
Seamus: Hulle maak almal skoene. Was hy toe besig om skoene te maak, Paddy?
Paddy: Nee, hy't onder 'n boom gesit en 'n pot goud vasgehou! Ek sal hom nog vang!

1. Wat noem 'n mens die bostaande formaat?
(a) Monoloog. (b) Dialoog. (c) Direkte rede. (d) Gerapporteerde rede.

2. Die uittreksel vertel ons dat leprechauns, as vakmanne, …… is.
(a) mynwerkers (b) haarkappers (c) skoenmakers (d) grofsmede

3. Hoekom is daar 'n afkappingsteken in 'hy't'?
(a) Dit wys dat letters weggelaat is. (b) Dit wys dat iemand iets besit.
(c) Dit dui 'n pouse aan. (d) Dis 'n afkorting.

4. Watter een van die volgende stelle woorde is die beste beskrywing van 'n leprechaun?
(a) Groen, klein en effens gek. (b) Klein buksies, slim en betowerend.
(c) Klein, rooi met baarde. (d) Lank, groen en lomp.

Musiek, dans en sang

Leprechauns is soos Ierse feë. Hulle woon in bome of haasgate. Hulle het towerkragte. Hulle is vernuftige musikante, dansers en sangers. Hulle is bekend daarvoor dat hulle wilde partytjies hou wat tot laatnag aanhou.

Pas die musiekinstrumente in (a) – (d) by vraag 5 – 8.
(a) Blikfluitjie (b) Harp (c) Viool (d) Slaginstrument

5. Watter instrument is klein, kan op die knie gespeel word en het drie rye snare?

6. Watter instrument is 'n eenvoudige metaalbuis met ses gaatjies?

7. Watter instrument word met 'n strykstok gespeel?

8. Hierdie instrument kan bestaan uit 'n koei se ribbebene wat teen mekaar geklik word. Wat noem ons hierdie soort instrument?

Volgens Ierse storievertellers kom leprechauns dikwels byeen om te dans en te sing. Die drie hooftipes Ierse danse staan bekend as die *jig*, die riel en die horrelpyp. Die jig is 'n lewendige volksdans, 'n stapdans waarin een of twee soliste vinnige, ingewikkelde sprongstappies op maat van musiek uitvoer. Die riel bestaan uit vinnige glybewegings wat stil is. Dit het 'n kringpatroon. Die dansers staan teenoor mekaar en voer 'n reeks '8'-vormige figure uit. Die horrelpyp is die mees energieke dans en bevat klopdanse. Dit het gewild geword onder matrose wat dit met gevoude arms en lewendige beenbewegings gedans het terwyl die res van die liggaam regop bly.

Pas vraag 9-11 by die toepaslike keuses in (a) – (d).

9. Watter woorde beskryf die riel die beste?
10. Watter woorde beskryf die jig?
11. Watter woorde beskryf die horrelpyp?

(a) Vinnige, vloeiende bewegings.
(b) Stadige, vloeiende bewegings.
(c) Beheerde armbewegings en luide energieke voetstampe.
(d) Vinnige bewegings en springende stappies.